**GELOOFSVERKLARING: RING VAN WATERBERG van die NED GEREF KERK**

Met die 73ste gewone vergadering van die **RING VAN WATERBERG van die NED GEREF KERK** in sitting te **ELLISRAS-WES GEMEENTE** op 20 Junie 2023 het die Ring eenparig besluit om ŉ geloofsverklaring uit te reik. Die rede hiervoor is dat daar soveel uitsprake gemaak word deur individue en soms ook geloofsinstansies wat vertolk word deur die lidmate as die standpunt van die Ned Geref Kerk. Hierdie standpunte wat kern geloofswaarhede van die Ned Geref Kerk aanval is besig om verdeeldheid en twyfel te saai in die harte van opregte gelowiges. Dit is daarom vir ons as Ring belangrik om dit wat ons as gelowiges **saambind** opnuut te bevestig by gemeentes en lidmate van die Ring van Waterberg. Omdat ons ŉ belydeniskerk is, is ons geloof gebaseer op die belydenis skrifte van die Kerk. Ons sal in hierdie geloofsverklaring veral steun op die ***Apostoliese Geloofsbelydenis*** wat algemeen deur die Christene wêreldwyd bely word.

Die Woord van God bly egter die belangrikste grondslag waarop ons Christelike lewe gebou word en daarom is ons belydenis skrifte ondergeskik aan die Woord van God en dit moet daarom telkens getoets word aan die hand van die Bybel*. Ons glo dat die hele Skrif deur God geïnspireer is en dat dit groot waarde het om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel, en ŉ regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus kan wees vir elke goeie werk* (2 Tim 3:16,17).

Die volgende kernwaarhede vorm die hoeksteen van ons Christelike geloof:

- ***Ons glo dat God, die Almagtige Vader, die hemel en aarde geskape het*** en daarom glo ons dat niks in Sy skepping spontaan of toevallig sonder Hom ontstaan het nie. Hy is inderdaad die *Skepper* van alles wat lewe en ook die *Onderhouer* daarvan.
- ***Ons glo in Jesus Christus, sy eniggebore Seun*** *wat* sy bestaan op Godgelyke wyse prysgegee het om aan mense gelyk te word (Filip 2:6,7). *Ons glo aan sy maagdelike geboorte*. Hy het tydens sy aardse bestaan die gestalte van ŉ slaaf aangeneem. Omdat Hy gekom het *om te dien* het hy die ganse tyd van sy lewe op aarde gely, maar het Hy veral aan die einde van sy lewe op aarde erg gely toe Hy onskuldig deur Pontius Pilatus tot die dood veroordeel is. Jesus het Homself inderdaad *verneder tot die dood aan die kruis* (Filip 2:8*)*.
- **Ons glo in die Godheid van Jesus Christus.**
  Hy was nie net ŉ besondere mens toe Hy op aarde was nie, maar Hy het alreeds van alle ewigheid bestaan. Kol 2:17 beklemtoon dit duidelik: *Voor alles was Hy al*

*daar, en deur Hom bly alles in stand.* Ook sy Godheid word in Kol 2:19 beklemtoon: *God het besluit om met sy volle wese in Hom te woon.* Verder beklemtoon Johannes ook die Godheid van Jesus in sy geskrifte. Die skrywer gebruik *Die Woord* as benaming vir die Goddelike Persoon, Jesus Christus (Joh 1:1; 1 Joh 1:1; Openb 19:13). Johannes 1:1 beklemtoon die Godheid van Jesus, die Woord wat mens geword het: *In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God,* ***en die Woord was self God****.*

- ***Ons glo dat Hy werklik aan die kruis gesterf het ter wille van ons sondes.*** Aan die kruishout *het Hy die skuldbewys met sy eise teen ons tot niet gemaak. Deur dit aan die kruis te spyker, het hy dit vir goed weggeneem* (Kol 2:14).
- ***Ons glo dat Jesus Christus alleen verlossing bring en niemand anders nie*** *(Hand 4:12****).*** *Hy is immers die enigste weg, die waarheid en die lewe, en niemand kom na die Vader toe behalwe deur Hom nie (Joh 14: 6).* Selfs ons beste pogings kan nie ons verlossing verdien nie. Immers *het almal gesondig, en het nie deel aan die heerlikheid van God nie (*Rom 3:23*).* Ons bely dat ons nie aanspraak kan maak op ons eie verdienste nie, maar alleen uit genade gered is. Ons word sonder dat ons dit verdien, *op grond van sy genade vrygespreek vanweë die verlossing deur Jesus Christus* (Rom 3:23.24).
- ***Ons glo dat Jesus Christus se gestorwe liggaam begrawe is.*** Josef van Arimatea het gevra dat Jesus se liggaam aan hom gegee word om dit neer te lê in sy eie nuwe graf wat hy uit die rots gekap het. Daarna het hy ŉ groot klip voor die ingang van die graf gerol en weggegaan (Matt 27:59). Die liggaam is daarna bewaak sodat niemand dit sou steel nie (Matt 27:64).
- ***Ons glo dat Jesus Christus ter helle neergedaal het.*** Sy lyding was so erg dat Hy helse smart verduur het ter wille van ons.
- ***Ons glo dat Jesus Christus op die derde dag liggaamlik opgestaan het uit die dood.*** *Christus Jesus het gesterf, maar meer as dit: Hy is uit die dood opgewek (*Rom 8:34*).* Jesus se liggaamlike opstanding is immers die hoeksteen van ons Christelike geloof. Paulus beklemtoon dit as hy sê: *En as Christus nie opgewek is nie, is ons prediking sonder inhoud en julle geloof sonder inhoud. (*1 Kor 15:14*).*
- ***Ons glo dat Jesus Christus na sy opstanding opgevaar het na die hemel en vandaar vir ons intree.*** Terwyl Hy sy dissipels seën is hy in die hemel opgeneem (Luk 24:50). Ons glo dat Hy daar ***sit aan die regterhand van, die almagtige Vader.*** *In* sy oorwinningslied aan die Romeine skryf Paulus dat Jesus vandaar vir ons intree: *Hy sit aan die regterhand van God, Hy pleit vir ons* (Rom 8:34).

- ***Ons glo aan die wederkoms van Jesus Christus. Ons glo ook dat as Hy weer kom Hy sal oordeel diegene wat nog lewe en hulle wat alreeds gesterf het.*** Hy sal dan die skape van die bokke skei. (Matt 25:31 - 33).
- ***Ons glo in die Heilige Gees.***

  Ons glo dat die Heilige Gees nie ŉ iets of onpersoonlike krag is nie, maar *Iemand.* Die Heilige Gees is ŉ Persoon op wie ons kan vertrou, daarom bely ons: *Ek glo* ***in*** *die Heilige Gees.* Ons glo egter ook dat Hy nie net ŉ Persoon is nie, maar **dat Hy God is**. Hy is die derde Persoon van die Goddelike Drie-eenheid. Hy is ŉ **Goddelike** persoon, daarom word daar elke keer ŉ hoofletter gebruik as ons van hierdie Persoon praat. So lees ons in Hand 5:3,4 dat om vir die Gees van God te lieg dieselfde is om vir God te lieg.

  Ons bely verder dat die Heilige Gees ŉ groot rol speel in ons geestelike groei. *Die Heilige Gees verander ons al hoe meer om soos Christus te wees* (2 Kor 3:18). Hierdie werk in ons *word gedoen* ***deur die Here wat die Gees is*** *en hierdie* proses van geestelike groei om al hoe meer soos Christus te word is ŉ voortdurende proses. *Vervulling met die Heilige Gees (Ef 5:18)* is ŉ voortdurende proses waarmee ons lewenslank nie klaarkry nie.

  *Ons* glo verder dat die Heilige Gees ŉ deurslaggewende rol speel in ons verlossing, Trouens niemand kan sê: Jesus *is die Here nie, behalwe deur die Heilige Gees (*1 Kor 12:3*).* Rom 8: 9 bevestig dit*: As iemand nie die Gees van Christus het nie, behoort hy nie aan Christus nie.*
- **Ons glo aan ŉ heilige Algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die Heiliges**.

  Petrus beskryf die gemeenskap van die gelowiges op ŉ besondere wyse: *Julle daarenteen, is ŉ uitverkore volk, ŉ koninklike priesterdom. ŉ nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God (*1 Petrus 2:9). Ons as gemeenskap van die heiliges bely *dat ons medewerkers is in diens van God (*1 Kor 3:9). As gebou van God is ons geroep *om ons as lewende stene te laat opbou tot ŉ geestelike huis en ŉ heilige priesterdom* (1 Petrus 2:5). Ons bely dat daar net een fondament is waarop ons as kerk van die Here kan bou, en dit is die fondament wat alreeds vir ons *gelê* is, **die fondament van Jesus Christus** (1 Kor 3:11). Ons verklaar verder dat Christus die Hoof is van die kerk en dat ons as kerk van die Here sy liggaam is (Ef 1:22). As lede van die liggaam van Christus het elkeen van ons afsonderlik verskillende gawes ontvang wat ons moet gebruik tot opbou van die kerk van die Here (1 Kor 12:14 - 31).

Die kerk is ŉ eenheid (Ef 4:4). Daarom die oproep dat ons *die eenheid wat die Gees tussen ons gesmee het, te handhaaf deur in vrede met mekaar te leef* (Ef 4:3).
As ons hierdie geloofsverklaring doen oor die Kerk van die Here, as heilige algemene kerk, besef ons dat die kerk van die Here baie wyer strek as net die Ned Geref Kerkverband en dat ons inderdaad deel is van die Christelike geloofsgemeenskap wêreldwyd. Ons het daarom die verantwoordelikheid om ekumenies bande te bou met ander Christelike kerke

- **Ons glo aan die vergewing van sondes.**
  Ons wat aan die Here Jesus behoort, beleef sy wonderlike vryspraak. Geeneen van ons kan beweer dat ons nie sonde het nie (1Joh 1:8), *maar as ons ons sonde bely Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons sondes en reinig ons van alle ongeregtighede* (1Joh 1:9).
- **Ons glo aan die opstanding van die vlees en ŉ ewige lewe.**
  Paulus beklemtoon die belangrikheid daarvan dat ons glo in die opstanding van die dooies: *As dit dan waar is dat die dooies nie opgewek word nie, het Hy Christus ook nie opgewek nie. As die dooies nie opgewek word nie, is Christus nie opgewek nie* (1 Kor 15: 15,16). Die opstanding van die dooies word in die Woord van God direk gekoppel aan die opstanding van Jesus Christus.
  Met Christus se wederkoms sal die dooies as onverganklikes opgewek word (1 Kor 15:52). Gelowiges word opgewek om ***ewig te lewe****. Hierdie verganklike liggaam sal dan met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflike liggaam met die onsterflike* (1 Kor 15:53).

Ten slotte: Ons as Ring van Waterberg het hierdie geloofsverklaring uitgereik met die doel om die kern geloofswaarhede wat ons as gelowiges saambind uit te lig. Kom laat ons in hierdie uitdagende tye mekaar vashou, hande vat en saamstaan om as eenheid in Christus die Lig van die Evangelie te laat skyn in ŉ donker wêreld.

***Laat ons ook na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade (Hebreers 10:24).***

***Geloofsverklaring van die Ring van Waterberg***

***Julie 2023***